



# PLAASLIKE MARKTE

## - TWEEDE MAAND VAN DALINGS VIR JSE

Die JSE het in November glad nie die opwinding van Amerikaanse markte ervaar nie en vir die tweede agtereenvolgende maand laer gesluit (-1.0% maand op maand en +9.9% jaar tot datum). Die aandeelpryse van mynmaatskappye het gedaal danksy laer kommoditeitspryse, veral platinagroep metale en goud, en gevolglik het die Resi-10 November maand op maand 6.7% laer afgesluit (-4.1% jaar tot datum). Die SA Genoteerde Eiendomindeks het die beste gevaar en maand op maand 1.0% hoër gesluit (+21.5% jaar tot datum), terwyl nuwerheidsaandele onveranderd was maar die Indi-25 is steeds jaar tot datum 11.9% hoër. Die Fini-15 het net-net positief gesluit (+0.2% maand op maand en +17.1% jaar tot datum).

Die vervoer en logistiek maatskappy Super Group was die beste vertoner in November (+27.1% maand op maand), gevolg deur WeBuyCars (+26.2% maand op maand). WeBuyCars is in April genoteer en het aan die einde van November bekend gemaak dat meer as 40 000 voertuie in die drie maande tot einde September (die einde van die maatskappy se finansiële jaar) verkoop is. Telkom SA SOC (+25.5% maand op maand) was in die derde plek. Energiemaatskappy Montauk Renewables, wat op die JSE en die Nasdaq genoteer is, het die swakste gevaar (-18.5% maand op maand), gevolg deur DRDGold (-17.1% maand op maand) en Tsogo Sun (-14.5% maand op maand).

## GEMENGDE NUUS VAN EKONOMIESE AANWYSERS

Inflasie het in Oktober skerp gedaal tot 2.8% jaar op jaar teenoor 3.8% jaar op jaar in September, die laagste vlak sedert Junie 2020 (tydens die COVID-pandemie). Die ekonomiese groeikoers is egter teleurstellend en die jongste syfers wys dat die ekonomie in die derde kwartaal gekrimp het (-0.3%), grootliks weens uiters swak prestasie deur die landbousektor. Dié syfer het ekonome verras, wat verwag het dat die ekonomie in die derde kwartaal sal groei. Die swak syfer beteken ook dat verwagtinge vir toekomstige groei afwaarts aangepas is en dat die positiewe sentiment sedert die vestiging van die Regering van Nasionale Eenheid (RNE) nie die ekonomie gesteun het nie.

Hoewel ekonome verwag dat die vierde kwartaal bteter sal wees weens laer rentekoerse en verbruiksbesteding danksy onttrekkings kragtens die 'twee-pot' aftrede regulasies, sal voorsuitskattings nou waarskynlik aangepas word. Laer voedsel en brandstofpryse het gesorg vir die laer inflasiesyfer.

Die SA Reserwebank (SARB) se monetêre beleidskomitee het by sy vergadering in September besluit om die repo-koers met 'n verdere 25 basispunte tot 7.75% per jaar te verlaag. Die SARB het sy ekonomiese groeiverwagtinge opwaarts aangepas tot 2% vir 2027. Die rand het maand op maand 2.6% laer gesluit (+1.7% jaar tot datum) teenoor die Amerikaanse dollar.

## **NOG 'N GOEIE MAAND VIR DIE MOTORBEDRYF**

Motorverkope het vir 'n tweede agtereenvolgende maand gestyg en die bedryf hoop dat dit op 'n langverwagte herstel vir die bedryf dui. 'n Totaal van 48 585 nuwe motors, bakkies en voertuie is in November in SA verkoop, 8.1% hoër as die verkope vir die ooreenstemmende maand verlede jaar. Passasiersvoertuie het goed gevaar maar die syfers vir bakkies en voertuie was laer. Verkope van passasiersvoertuie het maand op maand 20% gestyg (totaal 35 101 eenhede), veral danksy aankope deur die verhuringsbedryf. Uitvoer het met 28.6% gedaal – 30 431 eenhede teenoor 42 641 in November 2023.

# INTERNASIONALE MARKTE

## - VSA MARKTE SKITTER

**Donald Trump het in November die Amerikaanse presidensiële verkiesing gewen en republikeine is nou in beheer van die Senaat en die Huis van Verteenwoordigers. Trump se oorwinning het vir stewige lopies op Amerikaanse markte gesorg. Dit blyk dat beleggers glo dat nog vier jaar van 'n Trump presidentskap en sy beloftes van laer belasting goed sal wees vir markte. Die dollar het tydens die maand grootliks verstewig (waarskynlik weens verwagtinge dat inflasie en rentekoerse gaan styg wanneer die nuwe administrasie oorneem), wat kommoditeite (en die rand) onder druk geplaas het. Ander markte het versigtig optimisties gereageer aangesien daar steeds verskeie geo-politieke kwessies is wat alle bateklasse beïnvloed. Europese markte het nie watwonders gevaar nie, in China was sake wisselvallig en in Japan het die beurs laer gesluit.**

Die drie vernaamste markte in die VSA het fluks gestyg en tydens November rekord hoogtepunte bereik. Die Dow Jones was maand op maand 7.5% hoër (+19.2% jaar tot datum) terwyl die S&P 500 maand op maand 5.7% hoër gesluit het (+26.5% jaar tot datum), die beste maandelikses stygings vir albei. Die Nasdaq was maand op maand 6.2% hoër (+28.0% jaar tot datum) – die mark se beste vertoning sedert Mei vanjaar.

VSA inflasie het soos verwag gestyg en 'n syfer van 2.6% jaar op jaar teenoor 2.4% in September is aangekondig. Kerninflasie, wat die wisselvallige voedsel en energie komponente uitsluit was onveranderd op 3.3% jaar op jaar.

## **GEMENGDE RESULTATE VIR EUROPA, VK EN ASIË**

Europese markte was grootliks laer in November (Euro Stoxx 0.3% laer maand op maand) aangesien beleggers daar nie die optimisme oor Trump se herverkiesing deel nie en ook weens voorgesette spanning in Europa en die Midde-Ooste. Die DAX het uiteindelik maand op maand 2.9% hoër gesluit maar die CAC in Frankryk het 1.6% laer gesluit (-4.1% jaar tot datum). Eurosone inflasie vir Oktober is 2.0% jaar op jaar teenoor 1.8% in September.

In die VK het die FTSE-100 die verliese van Oktober afgeskud en maand op maand 2.2% hoër gesluit (+7.2% jaar tot datum). 'n Hoër inflasiesyfer is vir Oktober bekend gemaak – 2.3% jaar op jaar teenoor 1.7% in September (die hoogste vlak in ses maande) weens stygings in energiekoste. Kerninflasie was 3.3% jaar op jaar (3.2% in September).

In Asië het markte gemengde welslae behaal aangesien Trump se oorwinning en die verwagting van hoër tariewe vir Chinese produkte beleggers onseker gemaak het. Hoewel die moontlike hoër tariewe tot onsekerheid bygedra het, was daar ook optimisme oor nog aansporingsmaatreels wat na verwagting in Desember by 'n beplande ekonomiese konferensie aagekondig sal word. Die Shanghai Saamgestelde Indeks het maand op maand 1.4% hoër gesluit (+11.8% jaar tot datum) en die Hang Seng was maand op maand 4.4% laer (+13.9% jaar tot datum). Oktober inflasie was die laagste in vier maande (0.3% jaar op jaar teenoor 0.4% in September).

In Japan het die Nikkei maand op maand 2.2% laer gesluit maar is steeds 14.2% hoër vir die jaar tot datum. Inflasie is steeds hoër as die bank van Japan se teiken, wat druk plaas op die Sentrale Bank van Japan om rentekoerse in Desember te verhoog.

## OLIE- EN GOUDPRYSE LAER

Wat kommoditeite betref, het die Brent-ruolieprys maand op maand met 0,3% gedaal (-5,3% jaar tot datum). Na lopies van vier het 'n Trump-gedrewe die goudprys onder druk geplaas en dit was maand op maand 3.7% laer (+28.1% jaar tot datum).. Onder platinagroepmetale het platina maand op maand 4.5% gedaal (-4.2% jaar tot datum) verloor, palladium was maand op maand 12.2% laer (-10.6% jaar tot datum). Die prys van ystererts het maand op maand 0.3% laer gesluit (-27.2% jaar tot datum).

## KANTOOR SLUITINGSKENNISGEWING

**Brenthurst-kantore sluit op 20 Desember 2024  
en heropen op 6 Januarie 2025**

Stuur asseblief enige beleggingsinstruksies of spesifieke versoeke  
aan u finansiële adviseur teen **11 Desember 2024**.

E-posse en navrae gedurende die sluiting sal in die nuwe jaar  
hanteer word.



**BLY OP DATUM**  
VOLG ONS OP SOSIALE MEDIA



*Celebrating* **20** YEARS  
SA'S MOST TRUSTED BOUTIQUE WEALTH MANAGER

**CONTACT ANY OF OUR HIGHLY QUALIFIED FINANCIAL ADVISORS AT OUR  
NINE OFFICES COUNTRYWIDE TO DISCUSS YOUR INVESTMENT STRATEGY.**

### BRENTHURST OFFICES :

<b>Johannesburg</b>	+27 (0) 11 799 8100	<b>Claremont</b>	+27 (0) 21 100 3901
<b>Sandton</b>	+27 (0) 10 035 1391	<b>Bellville</b>	+27 (0) 21 914 9646
<b>Pretoria</b>	+27 (0) 12 347 8240	<b>Stellenbosch</b>	+27 (0) 21 882 8706
<b>Cape Town Waterfront</b>	+27 (0) 21 418 1236	<b>Val de Vie Estate</b>	+27 (0) 21 100 3901
<b>George</b>	+27 (0) 44 050 6057	<b>Mauritius</b>	00 230 5843 5215

**20** YEARS

### BRENTHURST SATELLITE OFFICES:

KWAZULU-NATAL | FREE STATE | MPUMALANGA | NORTH WEST

Brenthurst Wealth Management is an authorised financial services provider (Reg No: 2004/012998/07) FSP No.7833. This e-mail and any file attachments transmitted with it are intended solely for the addressee(s) and may be legally privileged and/or confidential. If you have received this e-mail in error please destroy it. If you are not the addressee you may not disclose, copy, distribute or take any action based on the contents hereof. Any unauthorised use or disclosure is prohibited and may be unlawful. The view and opinions expressed in this e-mail message may not necessarily be those of the management of Brenthurst Wealth Management (Pty) Limited.